

# AALWURM: Wat elke boer moet weet

*OVK het op 17 Maart 'n baie suksesvolle Mielieproewedag op Clocolan gehou waartydens Dr. Sonia Steenkamp boere oor aalwurms ingelig het. Wat volg is haar artikel oor dié probleem wat boere in die gesig staar.*

**P**lantparasitiese aalwurms is mikroskopies klein en kan nie met die blote oog gesien word nie. Alhoewel daar baie aalwurmspesies is wat op die gewasse wat in die OVK-gebied geplant word parasiteer, is knopwortelaalwurm (*Meloidogyne* spp.) en letselaalwurm (*Pratylenchus* spp.) die belangrikste aalwurms. Hulle word uitgesonder omdat hulle gasheerreeks baie wyd is en hulle skade op al die gewasse doen. Hierdie twee aalwurms is dus die aalwurms wat die produsent hoogs waarskynlik mee kennis sal maak in sy boerdery.

Boggrondse simptome van aalwurmbesmetting lyk vir bykans alle plantparasitiese aalwurms dieselfde. Die plante wat geaffekteer word lyk verlep, vergeel of verdwerg. Hierdie simptome sal altyd in kolle in die land voorkom omdat die aalwurmpopulasie in 'n land nooit eweredig versprei is nie. Aalwurms sal dus nooit plante net in 'n enkele ry, of in patrone wat soos byvoorbeeld eweredige strepe lyk, aanval nie. As daar enkelplante in die ry is wat olik lyk, is dit ook nie aalwurmprobleme nie.

Knopwortelaalwurm-simptome op die wortels van die plante is baie maklik om te herken. Terwyl die wyfie voed, vorm sy uit die selle van die wortelweefsel self reuse selle wat dwarsdeur haar leeftyd vir haar sal kos maak. Hierdie reuse selle kan gesien word in die vorm van galle wat op die wortels gevorm word. Galle word maklik op die wortels gesien by bykans al die gewasse behalwe mielies. In die saailingstadium kan mens nog die galle van die knopwortelaalwurm sien, maar die volwasse mielies vertoon nie altyd hierdie galle nie al is die knopwortelaalwurm aanwesig. Knopwortelaalwurmetalle kan by peulplante maklik verwar word met stikstofbindende knoppies. Dit kan egter onderskei word van mekaar deur dit stukkend te druk. Stikstofbindende bakteriese knoppies is groen of rooi aan die binnekant,

terwyl 'n gal verrot lyk. Omdat galle deel van die wortelweefsel self vorm kan hulle ook nie so maklik afgevyf word soos wat die stikstofbindende bakteriese knoppies kan afvyf nie.

Letselaalwurm-simptome is nie so maklik om raakgesien te word nie. Elke spesie van hierdie aalwurm druk skadesimptome anders uit. Oor die algemeen suig hulle die inhoud van die selle uit en die selle val dan in mekaar. Kolle selle wat so uitgesuig is, vertoon as bruin letsels. Hierdie aalwurm kan in die wortel of in die grond voorkom en daar bly. As hulle in die grond is, vreet hulle die buitenste sell laag van die wortel op en vernietig so die haarwortels. Die plant is dan nie in staat om behoorlik water en voedingstowwe op te neem nie. Binne-in die wortel vernietig hulle die selle van, onder meer, ook die vaatweefsel. Hulle kan die vaatweefsel in uiterste gevalle ook verstop, wat die plant verder verhoed om water en voedingstowwe op te neem.

Aalwurms kan nooit heeltemal uitgeroei word nie, maar daar is wel beheermetodes wat toegepas kan word om hulle populasievlakke onder die ekonomiese drempelwaarde te kry. Chemiese beheer is seker die mees algemene metode wat tans toegepas word. Die effektiwiteit van 'n aalwurmdoder hang egter van die omgewingsfaktore af en is nie altyd effektief nie. Sommige



*Sprekers by die OVK-Mielieproewedag was HP Maré (van OVK se Landboukundige Dienste), Dr. Sonia Steenkamp (LNR) en Marinus Le Roux (FARM)*

